e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 Junie 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 18

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Ons is deel van God se span

Verteenwoordigers van 32 lande ding van môre af hier in Suid-Afrika om die gesogte Sokkerwêreldbeker mee. Dit was 'n lang proses vir die spanne om te kwalifiseer om aan hierdie toernooi te kan deelneem. Elk van die lande het hul beste spelers gekies om hulle te kom verteenwoordig. Dit is vir hulle 'n groot eer en hulle sal met trots hul land se kleure dra.

Ook om die gasheerland te kan wees, is 'n unieke geleentheid. Soos nog nooit vantevore nie, gaan die oë van die wêreld op Suid-Afrika gefokus wees.

Dit bied ook aan ons, die Kerk, die geleentheid om vir die wêreld te wys wie en hoe God is. Ons is mos immers God se verteenwoordigers hier op aarde. Ons is deel van God se span. As mense na ons kyk, behoort hulle iets van God in ons optrede raak te sien. Maar daar is tog 'n paar belangrike verskille tussen God se span en die spanne wat hul lande verteenwoordig.

In die eerste plek verdien ons dit nie om deel van God se span te wees nie. Dit is net genade dat God ons gekies het. Om die waarheid te sê, God se span bestaan uit die spreekwoordelike blindes en lammes – juis hulle wat nie deur die wêreld gekies sou word nie. Vir ons wat ons in so 'n prestasiegedrewe samelewing bevind, is dit 'n geweldige troos. God kies nie net die bestes en belangrikes om in sy span te wees nie. Om deel van God se span te wees, vra ook opofferings van ons. In God se span gaan dit nie om eer en aansien nie, maar eerder daaroor om die minste te wees. Dit impliseer dat ek bereid moet wees om van my troontjie af te klim en te dien. Voorts ding ons nie om 'n trofee mee nie. Ons is reeds van die oorwinning verseker. Jesus Christus het dit reeds vir ons behaal. Niks of niemand kan dit ooit weer van ons af wegneem nie. Die span wat die Wêreldbeker verower, moet dit na 'n paar jaar weer teruggee en weer daarom meeding. Maar God se liefde vir ons duur vir ewig.

Kom ons speel daarom die spel van die lewe met dankbaarheid en oorgawe tot eer van God. Hier is 'n paar praktiese riglyne aan die hand waarvan mense sal kan sien dat die Gees van God in ons woon en deur ons werk. Miskien klink dit vir jou bekend: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing...

Laat ons gebed in hierdie volgende dae die woorde van Gesang 488 wees: *Helder skyn u lig vir die nasies, 'n vreugdeglans om die mense te verlig tot die hele wêreld kan sien U is die lig. Mag u lig, Heer, deur ons skyn. Vrolik klink ons lied vir die volke, 'n pryslied bring al die nasies om ons saam tot die hele wêreld kan jubel oor u Naam. Mag u lof, Heer, deur óns klink. Balsem bring herstel vir die wonde, 'n sagte salf vir die mense met hul seer tot die hele wêreld kan sien dat U genees. Mag U troos, Heer, deur óns bied. Heer, u Woord gee hoop aan die nasies; 'n hartvol hoop om die mense te verbly tot die hele wêreld kan sien dat U bevry. Mag U hoop, Heer, deur óns gee. U is Koning, Heer, oor die aarde. Die mense vra na u wil om U te eer tot die hele wêreld kan juig dat U regeer. Laat u ryk, Heer, in óns kom. Laat u ryk, Heer, deur óns kom. Laat u ryk, Heer, oral kom! Amen!*

Dr Gerhard Lindeque, Redakteur

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Rudi Schoeman** van Schweizer-Reneke na Theresapark
- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Hendrina/Breyten na Zeerust
- **Ds Dawie Jacobs** van Zwartruggens na Lichtenburg-Oos

Beroep aanvaar

- **Dr Piet van Staden** (beroepafwagtend) na die Stellenbosch/Worcester-kombinasie (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Thomas en mev Marié Dreyer** wil graag die volgende **dankwoord aan die wyer Kerk en gemeenskap** rig: *Hartlik dank aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Kuratorium, NHSV Hoofbestuur, Bybelgenootskap (ds KD Papp), CSO en baie enkelinge vir oproepe, briewe en blomme waardeur u belangstelling en meelewing betuig het met die dood van ons seun Frans. Ons waardeer dit en sê baie, baie dankie.*

- **Mev Lottie Booysen,** weduwee van wyle ds Peet (PJ) Booysen, is Saterdag 5 Junie oorlede. Die begrafnis word gehou op Vrydag 11 Junie om 11:00 vanuit die kerkgebou van Gemeente Makarios. Prof Lourens Steenkamp sal die diens lei.

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het tydens hul vergadering van 3 en 4 Junie verskeie besluite geneem wat predikante raak. Een daarvan is dat **di Paul Kern en Willem Slabbert** beroepbaar gestel is na etlike jare van mediese ongeskiktheid. Daar is groot blydskap oor hul herstel en bereidheid om weer voltyds in gemeentes te werk.

- **Ds Lydia Miller (née Kruger)** is van haar standplaas Vanderbijlpark-Oos losgemaak. Die gesin het tydelik na Argentinië verhuis.

- **Ds André Oberholzer** is op sy versoek van sy standplaas Koedoesrand losgemaak. Hy is tans woonagtig te Bronkhorstspruit en is beskikbaar vir preekgeleenthede. Kontak hom by 082 640 0213.

- Die losmaking van **ds André Strauss** van sy standplaas Noordelike Pretoria is goedgekeur. Hy het 'n beroep na 'n Afrikaanssprekende gemeente in Nieu-Seeland ontvang en vertrek later vanjaar. Sy amptelike losmaking geskied eers later.

- Die aansoek van **dr Hans (JGM) Dreyer** om emeritaataanvaarding is goedgekeur. Hy emeriteer op Sondag 13 Junie en lei dan die erediens in Gemeente Verwoerdburg. Sy broer, prof Theuns Dreyer, sal die emeritaatakte aan hom oorhandig. Dr Dreyer het tydens sy bediening die gemeentes Kaapstad, Declercqville, Potchefstroom-Studente en Verwoerdburg bearbei. Hy het, nadat hy as sielkundige gekwalifiseer het, ook 'n eie beradingspraktyk begin waarmee hy tans nog besig is.

- **Ds Lou Swanepoel** het op Sondag 6 Junie van Gemeente Ebenhaézer in Ellisras afskeid geneem. Ds Swanepoel is 'n jaar voor sy aftrede medies ongeskik verklaar. Hy was verlede jaar baie siek en het 'n hartomleidingsoperasie ondergaan. Hy gaan hom nou in Pretoria vestig. Ons beste wense vergesel hom.

- Die Kommissie van die AKV het tydens hul vergadering van 3 en 4 Junie die **memorandum** goedgekeur wat **dr Daan van Wyk (jr) en ds Etienne Fourie** sal voorlê aan die nuutgestigte World Communion of Reformed Churches (WCRC), wat 'n samesmelting is van die World Alliance of Reformed Churches (WARC) en die Reformed Ecumenical Council (REC). Die memorandum is opgestel in opdrag van die 68ste AKV, waar besluit is dat voortgegaan moet word om lidmaatskap by WARC te verkry. Die Kerk is lid van REC. Ds Fourie vertrek hierdie naweek na die VSA, waar die vergadering gaan plaasvind. Dr Van Wyk het reeds verlede Sondag vertrek. 'n Groot afvaardiging van die NG Kerk vertrek ook die naweek om die vergadering by te woon. Die NG Kerk is lid van WARC.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.
  - Saterdag 12 Junie: Ds Nico Brayshaw
  - Sondag 13 Junie: Prof Bieks Beukes, di Ben Erasmus, Kerneels van Niekerk en Koos Viljoen
  - Maandag 14 Junie: Ds Gert Beukes
  - Dinsdag 15 Junie: Ds Rudy Denton
  - Woensdag 16 Junie: Dr Jan Truter
  - Vrydag 18 Junie: Dr Elsabé Kloppers en ds Danie Malan

- **Dr Willem Smith**, pastorale berader en leraar van Gemeente Glencoe, het op Saterdag 5 Junie 'n suksesvolle **werkswinkel in traumahantering** in die kerkgebou van die gemeente aangebied. Daar is aandag gegee aan wat trauma is, wat die impak van trauma op ons lewens is, asook die kontekste waarin trauma voorkom, byvoorbeeld in verhoudinge, by sterwensorg, rousorg en MIV/vigs. Hy het ook leiding gegee oor die wyse waarop traumaslagoffers ondersteun sou kon word. Die werkswinkel is bygewoon deur 32 lidmate van die gemeente, en lidmate van susterskerke en ander denominasies in die dorp.

- Die Kommissie van die AKV het aan die volgende gemeentes toestemming verleen om vir drie maande verder gebruik te maak van pastorale hulp, en het dus ook aan hulle uitstel verleen om te beroep:
  - **Durban-Suid** (prof Bieks Beukes)
  - **Ebenhaéze**r in Ellisras (ds Kalfie Loots)
  - **Bronkhorstspruit** (prof Andries Breytenbach)
  - **Vredefort** (dr Gerrie Bloem)
  - **Klerksdorp** (ds Piet Botha)
  - **Vanderkloof** (ds Sakkie Meyer)

- **Gemeente Koedoesrand** het toestemming van die Kommissie van die AKV gekry om vir die volgende ses maande nie te beroep nie. Die gemeente sal predikante van die ring gebruik om eredienste waar te neem, en sal onder leiding van die konsulent beplanning doen vir die toekomstige bearbeiding.

- **Gemeente Pretoria-Noord** se aansoek om sy standplaas te wysig na deelversorging is goedgekeur. Die gemeente was verplig om tot die stap oor te gaan nadat baie lidmate die gemeente verlaat het. **Ds Willem Slabbert** help tans om die gemeente pastoraal te versorg.

- Die kombinasie **Stellenbosch/Worcester** het 'n deeltydse standplaas geskep en **dr Piet van Staden** beroep. Dr Van Staden het die beroep aanvaar.

- **Gemeente Noordrand** doen tans strategiese beplanning oor toekomstige bediening. Samesprekings word gevoer met Gemeente Krugersdorp-Oos oor 'n moontlike samewerkingsooreenkoms. **Di Hein en Anna-Marie Kloppers** van Gemeente Krugersdorp-Oos gaan moontlik die bearbeiding waarneem. **Ds Leon Nell,** wat geruime tyd die pastorale versorging van die gemeente waargeneem het, neem op Sondag 13 Junie afskeid van die gemeente. Hy het waardevolle werk in die gemeente gedoen.

- **Gemeente Bloemfontein** het 'n **CD met gemeentesang** wat hulle graag beskikbaar wil stel aan gemeentes waar daar nie 'n orrelis is nie. Die saamsing-CD kan benewens in die erediens, ook aangewend word by kleingroepe en Bybelstudiegeleenthede. Die CD bevat gemeentesang soos dit tydens eredienste opgeneem is. Dit is dus nie 'n uitvoering deur kore nie, maar eerder spontane en hartlike samesang wat ter ondersteuning aangewend kan word, met sterk en inspirerende orrelbegeleiding. Die CD is **gratis** beskikbaar, slegs die CD-kopie en posgeld is betaalbaar. Vir bestellings, skakel mev Surina van den Berg tussen 09:00 en 13:00 op weeksdae by 051 446 4316.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Newcastle** herdenk die naweek van **8 tot 10 Oktober** vanjaar sy 50ste bestaansjaar. Oudlidmate en predikante wat voorheen die gemeente bearbei het, moet asseblief dié datum aanteken.

- **Gemeente Volksrust** is die vyfde oudste gemeente in die Hervormde Kerk en vier sy 150ste bestaansjaar oor die naweek van **15 tot 17 April 2011**. Daar is reeds begin met die samestelling van 'n feesprogram en gedenkalbum. Oudlidmate en vorige ampsdraers kan dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente stuur. Kontak **ds Paul Buitendag** by 082 853 8900, of stuur dit per e-pos na **buitendagp@telkomsa.net**.

- **Gemeente Heilbron** word die naweek van **23 September 2011 100 jaar oud**. Hulle gaan verskeie projekte aanbied, met die hoogtepunt 'n **tradisionele basaar en Nagmaalnaweek** gedurende die naweek van **23 tot 26 September 2011**. Oudpredikante en vorige kerkraadslede en lidmate kan dokumente, foto's, staaltjies of nagedagtenis van die gemeente aan hulle stuur vir moontlike opname in 'n gedenkalbum. Kontak ds Herman Gothan by 058 852 1174, 082 773 4740 of **hfg@risp.co.za**.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking in Mareetsane-boeresaal**
  Musiekaand met Zak van Niekerk, Thys die Bosveldklong, Jaco Labuschagne van *Idols* en Gerhard Odendaal alias Vaatjie
  Toegang R200 per persoon (ete ingesluit)
  Bespreek by Magda Redelinghuys (082 825 1913) of Adri Dreyer (082 388 2615)

Kampe en toere

- **15 November tot 17 Desember 2010: Prof Malan Nel studietoer na VSA**
  Besoeke aan 21 gemeentes en 6 teologiese seminaria
  Skryf aan **m.mcnel@mwebbiz.co.za** vir meer inligting

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Woensdag 16 Junie: Ring van Losberg Gholfdag by Blyvooruitsig-gholfbaan**
  Benodig borge en donateurs
  Borg per putjie R1 000, koste per 4-bal R1 500 (sluit ete met prysuitdeling in)
  Rekening: Nederduitsch Hervormde Kerk Ring van Losberg; ABSA Randfontein; rekeningnommer 406 219 9144
  Bevestig inbetaling by faks 086 522 6168
  Kontak Johan Booysen by 082 447 4859 of **jcbooysen@.eprsecurity.com**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Primrose en Primrose-Oos: Saadjieprojek**
  Wil Bybels voorsien aan 4 laerskole (Oosterkruin, President, Sunnyridge en Primrose Primary)
  Kontak Antoinette Jacobs by 071 672 6794 met ’n **donasie** (kontant of Bybels)

- **Gemeente Paarl: Kerkbouprojek**
  Donasies van gemeentes welkom
  Rekening Ned Herv Kerk Paarl; ABSA; rekeningnommer 740 580 256; taknommer 335 010; verwysing naam van gemeente

- **Gemeente Philadelphia: Auto Pedigree Toer die Droom Fietstoer**
  Vertrek op **11 Junie** uit Pretoria na Wes-Kaap
  Donasies welkom
  Rekening: NHK Philadelphia; ABSA (tjek); rekeningnommer 054 058 0065; takkode 63 20 05; verwysing **Droom**
  Faks bewys van betaling en kontakbesonderhede na 086 503 2855
  Om R30-donasie te maak, SMS die woord **dream** na 42220

- **Gemeente Bloemfontein: Kers-en-kombers-aand Saterdag 12 Junie**
  Samesang van 18:00 tot 18:30, praatjie oor mensehandel om 18:30 en poppekas vir kleuters
  Sop sal bedien word
  Bring ’n kers, kombers om te skenk, ’n blikkie kos of kontant
  Fietstoergroep van Gemeente Philadelphia slaap dié aand in Bloemfontein oor!
  Kontak Anneke la Grange (naure) by 083 554 8976, Surina van den Berg (09:00 tot 13:00) by 051 446 4316, Johan Nel (alle ure) by 083 400 0267, of Willem Dykema (alle ure) by 082 560 4772

- **Gemeente Losberg in Fochville: Jagpakket trekking 2 Julie**
  Vir diakonale dienswerk
  5 pryse te wen vir slegs R50: blouwildebees, blesbok, lam, vark en 4 kg biltong
  Skakel 018 771 2617 om in te skryf

- **Gemeente Ottosdal: Afrikaanse sangkompetisie Saterdag 31 Julie**
  Aspirantsangers tussen 13 en 23 jaar, wen R3 000, R1 500 of R500
  Sluitingsdatum vir inskrywings **Vrydag 16 Julie**
  Navrae aan Adri Botha by 082 403 5051

- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid: Jagpakket sluit 16 Julie**
  Wen wild ter waarde van R6 000 en verblyf
  R50 inskrywingsgeld (inskrywingsvorm by **info@nhksuid.co.za**)
  Kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of **info@nhksuid.co.za**

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie
  1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
  2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae
  Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of **jagkompetisie@gmail.com**
  Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Vrydag 11 tot Sondag 13 Junie: Gemeente Kampersrus Boerebasaar**
  Vrydag Boeredans van 18:00 met aandete van pap-en-vleis
  Volwassenes R50, kinders (onder 10 jaar) R20, kleuters (onder 4 jaar) gratis
  Saterdag basaar in Hoedspruit (voor SPAR) met tombola, kettieskiet en springkasteel
  Hoedspruit-toutrekkampioenskap met spanne van 8 lede – wen naweek gratis verblyf in Timbavati-natuurreservaat
  Kontak ds Hennie Louw by 015 795 5621 of **hennieloo@nhk.co.za**

- **Saterdag 12 Junie: Gemeente Koedoesrand Bosveldkarnaval te Swartwater**
  Steve Hofmeyr die aand en Nagelique deur die dag
  Hoender- en varkvang, krokodilproe, kettieskiet, bergfietswedren en meelbom-kompetisie met slagbees te wen
  Grootskermrugby (Suid-Afrika teen Frankryk)
  Besoek **www.bosveldkarnaval.co.za** vir meer inligting

- **Saterdag 26 Junie: Gemeente Bloemhof basaar**
  Kontak Helen by 053 433 1222 of 079 377 5008

- **Saterdag 26 Junie: Ring van Noordelike Pretoria Joy X Fest**
  Om buitelandse besoekers aan ons kultuur en disse bekend te stel
  Tradisionele disse en drinkgoed, ou motors en masjiene, jagpakkette
  Kamp- en akkommodasieverskaffers, die CSO en ander
  Stories in Spaans, Duits, Engels en Frans op groot skerms
  Die aand tradisionele kampvuurkonsert
  Kontak Cathrina Cronje by 072 237 8601 of Phillip Bester by 082 333 3657 of **joyxfest@gmail.com**

- **Vrydag 2 Julie: Gemeente Losberg Biltongaand**
  Wilds- en beesbiltong, brode, konfyte, kaas en ander lekkernye
  Trekking van jagpakket
  Thys die Bosveldklong sing en behartig veiling van Bloubul- en Springbok-memorabilia
  Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089

- **Saterdag 4 September: Gemeente Ventersdorp basaar**
  Pretritte met veteraanmotors – geen inskrywingsfooi
  Kontak Mario Röscher by 083 566 4351

ANDER NUUS

- Die Kommissie van die AKV het die **finansiële state en ouditeursverslag** soos deur die **Raad van Finansies** voorgelê, goedgekeur. Soos altyd is die werk puik gedoen, en groot waardering is teenoor die Raad en in die besonder teenoor die administrateur en sy personeel, mnr Elmar Struwig die hoofrekenmeester, en die voorsitter ds Dries Beukes betuig.

- Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV), Direksie van die Kinderhuise asook Die Ondersteuningsraad het belangrike inligting oor **mensehandel** aan gemeentes gestuur. Dit word ook op die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** beskikbaar gestel. Die inligting moet onder ouers en kinders van ons Kerk se aandag gebring word. Die misbruik van kinders en mensehandel is deel van ons werklikheid. Maar om in vrees te leef, verlam 'n samelewing. Wees daarom proaktief, maar nie histeries nie. Wees bedag, maar bly vra vir God se beskerming – ook vir die kwesbaarste mense in ons gemeenskap. En hou die volgende **noodnommers** byderhand:

  - **Polisie: 10111**
  - **Internasionale organisasie vir immigrasie: 0800 555 999**
  - **Childline: 08000 555 55**
  - **Aanmeld van mensehandel: 08000 737283**

- Die **boekbinders** wat die afgelope jare bindwerk vir SENTIK gedoen het, het hul besigheid gesluit en teruggekeer na Nederland. Indien enige van ons lesers kennis dra van **betroubare binders** wat werk van **hoogstaande gehalte** lewer, kan hulle die besonderhede deurgee aan mev Susann van Zyl van SENTIK, by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**.

- Op **Vrydag 3 September** vier ons **Loslitdag**. Maak 'n **R10-donasie** deur 'n **plakker** te koop en op dié dag te dra, en wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede. Trek verspot of anders aan, want die slagspreuk vir die jaar sê: *Laat ons lag met jou drag want jou plakker sê jy mag*. Vir meer inligting, besoek **www.loslitdag.co.za**, of kontak Karin du Toit van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644 of 082 500 9301.

- **Die Ondersteuningsraad** bied weer vanjaar hul **kamp vir 70 tot 80 minderbevoorregte kinders** aan. Dit vind plaas van **27 September tot 1 Oktober**, en vanjaar is die tema *Oorwin jou reuse*. Die kinders is in pleegsorg, kinderhuise en plekke van veiligheid. **Die koste beloop R750 per kind** vir die hele kamp. Kontak Suzanne van Deventer by 012 325 2320, 071 684 7789 of **oraad@telkomsa.net** indien u wil help om **'n kind te borg**.

- **NG Welsyn Noordwes en Gauteng** beskik oor vakatures vir **voltydse of deeltydse maatskaplike werkers** by die volgende kantore:

  GAUTENG
  Carletonville; Emanang Nokeng Wes-Rand (Gemeenskapswerker Randfontein); Fochville; Krugersdorp; Meyerton; Randfontein (ook Toesighouerspos); Roodepoort; Vanderbijlpark

  NOORDWES
  Christiana; Klerksdorp

  Die kandidate moet as maatskaplike werker geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensprofessies en oor 'n geldige rybewys beskik. Diensaanvaarding moet so spoedig moontlik geskied.

  - **Navrae Noordwes:** Miranda Visagie by 018 462 6028
  - **Navrae Gauteng:** Shirley Theron by 011 764 4031
  - **Navrae Gemeenskapswerk:** Heleen Scholtz by 018 297 3928
  - **E-pos: info@ngwelsyn.co.za**

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 11 Junie: ADV-dagbestuur
  - Vrydag 18 Junie: Die Ondersteuningsraad se Finkom

KOMMENTAAR

"Net so 'n vinnige woord van gelukwense met die formaat en veral die voorkoms (visuele uitleg, foto's, kleur) van die *e-Hervormer*. Dit lyk pragtig en eietyds. Hou so aan!"

Johan Smit

ADVERTENSIES

'n Slim **skaaphondjie** soek 'n goeie huis. Hy is 'n opregte ***Red Border Collie***, sewe weke oud, en is klaar ingespuit en ontwurm. As jy lekker speelplek en goeie speelmaats het, 'n bietjie geld en baie liefde, kan jy Wouter van Wyk bel by 082 339 2332.

TUINWOONSTEL TE HUUR

in Rietondale Pretoria ('n rustige woongebied direk noord van die Uniegebou en met 'n lae misdaadrekord).

SLEGS vir 'n ENKELPERSOON wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf. Digby universiteite, Brooklyn, hospitale en middestad.

Netjies en privaat. Een slaapkamer, badkamer, kombuis, L-vormige sit-/eetkamer, voorstoep en onderdak-agterstoep met privaattuintjie. Onderdakparkering. Geen troeteldiere.

R3 000 per maand (W & L ingesluit), **deposito R3 000**
Meer besonderhede by Jan of Mara Oberholzer 082 851 1081 of 082 777 0383

RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)

Selfsorgeenhede

- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

BLOMME! RICHTERSVELD! WESKUS!

Kom bly in die hartjie van die Boesmanland
en geniet die skoon lug en vreedsame atmosfeer.
Weltevrede Gastehuis in Pofadder bied jou lugversorging, en suite kamers, DStv, braaigeriewe en veilige parkering.

Kontak Talita by 084 299 7229 of 054 933 0377

AGTERBLAD

Adverteer in ons publikasies

Lesers kan gerus hul besighede en projekte in die *e-Hervormer* en *Konteks* adverteer.

Advertensies vir die *e-Hervormer* moet vooruit betaal word. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal in die *e-Hervormer* geplaas word sonder dié bewys nie.

Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. **Die koste is R114 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; verwysing **e-Hervormer Ads.**

Advertensies vir *Konteks* moet met mej Izelle Marx gereël word, by 012 322 8885 x238 of **grafies@nhk.co.za**. Die koste is soos volg:

- Halfblad (185 x 125 mm): R1 600 (+ BTW)
- Kwartblad (90 x 60mm): R800 (+ BTW)
- Agtsteblad (90 x 60mm): R500 (+ BTW)
- Snuffelgids (met 'n maksimum van 40 woorde): R100 (+ BTW)

Daar is ook 'n volledige weergawe (met foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat gewoonlik ongeveer 400-500 KB groot is. Vind dié volledige weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx